Skedule 1

Tot die i.Book-PRC Private Residence Club-Lidmaatskapsooreenkoms

i.Book-PRC Private Residence Club Besprekingsreëls en -regulasies

Konsepopsomming van die besprekingsreëls en -regulasies

1. **Die toegewysde en/of geskenkte weke/dae gebruiksregtyd** aan jou as eienaar van ontspanningseiendomme of eienaar van eenhede op vaartskepe, seiljagte en/of huisbote sal gestort word in die **i.Book-PRC AKKOMMODASIEPOEL** om toeganklik te wees vir bespreking deur alle lede van **i.Book-PRC,** soos per **i.Book-PRC se besprekingsreëls en -regulasies**.

2. **Die gebruiksregweke/dae** kan aangewend word as ‘n naweek (Vrydag – Sondag) en/of in die middel van die week (Maandag – Vrydag) dele, en/of ‘n kombinasie van ‘n naweek, en die middel van die week, uitgebreide tydperke en as dag-tot-dag besprekings.

3. **Bespreek ‘n eenheid / kanselleer ‘n eenheid / aanlyn internet-gebaseerde besprekingstelsel**

   3.1 **Bespreek ‘n eenheid:** enige eienaar of mede-eienaar van ‘n eenheid en ‘n lid van die i.Book-PRC kan ‘n eenheid bespreek in die i.Book-PRC **AKKOMMODASIEPOEL**, by enige ligging in die wêreld, volgens i.Book-PRC se besprekingsreëls en -regulasies, deur gebruik te maak van i.Book-PRC se aanlyn internet-gebaseerde besprekingstelsel, en deur in te teken met die lid se gebruikernaam en wagwoord en die gebruik van die toegewysde **PRC-punte** as betaalmiddel om te betaal vir die lid se bespreekte akkommodasie.

   3.2 **Kanselleer ‘n bespreekte eenheid:** Enige kansellasie van ‘n bespreekte eenheid moet gedoen word deur gebruik te maak van i.Book-PRC se aanlyn internet-gebaseerde besprekingstelsel, met gebruik van die lid se gebruikernaam en wagwoord om in te teken. Verwys ook na klousule 9 hieronder.

   3.3 **Die internet-gebaseerde aanlyn besprekingstelsel:** Enige lid wie se eenheid nog nie gekoppel is aan ‘n aanlyn besprekingstelsel nie, is hiermee onder verpligting om gebruik te maak van die i.Book-PRC aanlyn internet-gebaseerde besprekingstelsel, wat teen geen ekstra koste aan alle lede voorsien sal word aangesien dit ingesluit is in die lidmaatskapfooie. Alle besprekings deur nie-lede by die lid se ontspanningseiendom moet aanlyn bevestig word deur die lid wat die i.Book-PRC aanlyn besprekingsgids gebruik om geldig te wees en dit word gedoen op ‘n eerste bespreek, eerste geholpe-basis.

   3.4 Indien die lid gebruik maak van ‘n ander aanlyn besprekingstelsel vir die aanlyn besprekings van die lid se eiendom/eenheid, moet hy/sy steeds die URL vir die direkte skakel tot sy/haar besprekingsblad op die aanlyn besprekingsgids wat deur die lid gebruik word, verskaf.

   3.5 i.Book-PRC sal, met die samewerking van jou aanlyn besprekingsgidsverskaffer, die i.Book-PRC aanlyn besprekingsgids opdateer met betrekking tot die beskikbaarheid van die lid se ontspanningseiendom/-eenheid, opdateer.

4. **PRC-punte** (**P**rivate **R**esidence **C**lub **besprekingspunte)** word aan elke eienaar en/of mede-eienaar van ‘n ontspanningseiendom en aan die eienaar/mede-eienaar van akkommodasie op vaartskepe, seiljagte en/of huisbote deur i.Book-PRC toegeken, om gebruik te word as betaalmiddel om te betaal vir bespreekte akkommodasie en om die toegang en besprekings by lede se eenhede te reguleer, van, maar nie beperk nie tot herewonings, 1-, 2-, 3- en 4-slaapkamervillas en/of -woonstelle, dorpshuise, gastehuise, bed-en-ontbyt, selfsorgeenhede, hotelkamers/-suites, tuishuise, eenhede op vaartskepe, seiljagte of huisbote.

5. **PRC-punteberekening en die uitreik van PRC-punte aan lede by i.Book-PRC**

   5.1 **Die aanvanklike uitreiking van PRC-punte** word gebaseer op die volgende oorwegings: die grootte van die eiendom/eenheid op die vaartskip, seiljag of huisboot wat jy besit of mede-besit. Dit neem verder in oorweging die huidige toerisme-stergradering van die eenheid en/of die AA-akkreditasie; die daaglikse huur van die kamer, suite of eenheid; die toegewysde en/of geskenkte aantal weke/dae gebruiksregtyd per kalenderjaar; seisoenale beskikbaarheid; die hoeveelheid kamers en badkamers; ander vertrekke in die eenheid; bedekte en onbedekte patios en/of balkonne en hul grootte en addisionele eienskappe van die eenheid, soos ‘n oudio-TV vermaaksentrum; jacuzzi, lugreëling, swembad, gholfkarretjie, die ligging lede se eise, en die geriewe binne die eiendom/projek/oord, vaartskip, seiljag of huisboot.

   5.2 **Hersiening van die uitgereikte PRC-punte**: die **PRC-punte** sal jaarliks herbereken word, of wanneer enige verandering opgedateer en aangeteken word op die lid se invoerdata en heruitgereik word deur i.Book-PRC aan die lid, met oorweging van onder andere ook die volgende: die stergradering uitgereik deur die toerismegraderingsraad of enige ander gesag wat toestemming het om die stergradering en/of die AA-akkreditasie te behartig; die aanvraag vir die lid se eenheid en die terugvoer ontvang van lede en/of ander gebruikers van die lid se eenheid.

   5.3 **Die lid moet i.Book-PRC in kennis stel van enige veranderinge aan die lid se eiendom**, bv. vernuwings, aanbouings en toerusting, asook enige stergradering of AA-akkreditasie, opgradering en/of degradering van die eenheid, deur gebruik te maak van die **veilige aanmeldafdeling** op die i.Book-PRC-webtuiste en aanpassing van die besonderhede op die eiendominvoervorm. i.Book-PRC sal herbereken word sodra enige veranderinge opgelaai word deur die lid. i.Book-PRC sal die lid via e-pos en/of SMS in kennis stel van die nuwe **PRC-punte** uitgereik aan die lid en die nuwe balans bereken.

6. Gebruik, leen, of spaar van toegewysde **PRC-punte** deur die lid
   6.1 **Gebruik:** die totale **PRC-punte** uitgereik aan die lid deur i.Book-PRC kan in een kalenderjaar gebruik word.
   6.2 **Leen:** die lid sal toegelaat word om **PRC-punte** van die volgende jaar se toegewysde **PRC-punte** te leen om gebruik te word in die huidige kalenderjaar om jou, die lid, in staat te stel om **PRC-punte** van die volgende kalenderjaar vir gebruik in die huidige kalenderjaar te leen, op voorwaarde dat die lid instem om die lidmaatskapperiode te verleng om die **PRC-punte** wat geleen is, te dek en die lidmaatskapfooi jaarliks vooruit te betaal vir die jaar waaruit die **PRC-punte geleen word**.
   6.3 **Spaar:** ongebruikte **PRC-punte** kan oorgedra word na die volgende kalenderjaar, om die lid in staat te stel om **PRC-punte** in een kalenderjaar te spaar vir toekomstige gebruik.

7. **Minimum en maksimum periode vir vooruitbespreking**

   7.1 Besprekings volgens die i.Book-PRC reëls en -regulasies is op ‘n eerste bespreek, eerste geholpe-basis by enige ontspanningseiendom, of eenheid op ‘n vaartskip, seiljag of huisboot, waarvan die eienaar of mede-eienaar ‘n lid van i.Book-PRC is, met gebruik van **PRC-punte** as betaalmiddel vir akkommodasie wat bespreek word by ander lede se eiendomme/eenhede.
   7.2 **PRC-punte** toegeken aan die lid deur i.Book-PRC is vir gebruik in een kalenderjaar.
   7.3 **Piekseisoen-besprekings** gebruik meer **PRC-punte** as middel-seisoen en buiteseisoen-besprekings.
   7.4 Besprekings oor **naweke** gebruik meer **PRC-punte** as besprekings in die middel van die week.
   7.5 **Die bespreking van ‘n ontspanningseiendom** of ‘n **eenheid op ‘n vaartskip, seiljag of huisboot,** kan met gebruik van jou **PRC-punte** gedoen word en word **maksimum nege maande vooruit** aanvaar; hoe langer vooruit jy bespreek hoe meer keuses sal jy hê.

8. **Besprekings op die laaste minuut met gebruik van jou toegewysde PRC-punte**

   Spontane besprekings op die laaste minuut word toegelaat en is ook beskikbaar op ‘n eerste bespreek, eerste geholpe-basis, op voorwaarde dat daar wel ‘n eenheid beskikbaar is.

9. **Kansellasie van bespreekte tyd**

   9.1 Enige **kansellasie** van bespreekte tyd sal nie daartoe lei dat die lid **PRC-punte** verloor nie**.**
   9.2 Indien die lid ‘n eenheid bespreek het en nagelaat het om die bespreking aanlyn via die lid se intekenafdeling op die webtuiste te kanselleer, sal hy/sy die **PRC-punte** prysgee vir die gebruik van die bespreking waarvoor die hy/sy nie die bespreking gekanselleer het nie.
   9.3 **Daarby sal enige kansellasie** van bespreekte tyd by ‘n eenheid as ‘n normale kansellasie van bespreking beskou word deur die eienaar van die eenheid waar jy bespreek het, en sal die rekening gehef word aan die lid in die lig van die heersende voorwaardes vir kansellasie van bespreking. Enige kansellasie kan nie betaal word in **PRC-punte** nie, maar sal verskuldig en betaalbaar wees in die geldeenheid aanvaar deur die lid waar jy die bespreekte tyd gekanselleer het. Ons beveel aan dat jy reisversekering uitneem om kansellasiekostes te dek.

10. **i.Book-PRC-lidmaatskap, eenmalige registrasiefooi en maandelikse lidmaatskapsfooi**
(‘n Opgedateerde pryslys sal altyd beskikbaar wees op die i.Book- PRC-webtuiste.)

   10.1 **‘n Eenmalige registrasiefooi per lid:** dit dek bemarking en vertalingkoste van die besonderhede van die eenheid in 11 of meer tale. Dit sluit ook ‘n intydse aanlyn beskikbaarheidsoektog en besprekingsgids vir eenhede/eiendomme in. (Die fooistruktuur is toeganklik deur te kliek op die **lidmaatskapsfooiknoppie** in die menu-afdeling.)
   10.2 **‘n Maandelikse lidmaatskapfooi** per lid is ook betaalbaar. (Die fooistruktuur is toeganklik deur te kliek op die lidmaatskapfooiknoppie in die menu-afdeling.)
   10.3 ‘n Vyftien persent afslag is beskikbaar vir enkel-eienaarskap as jy jou maandelikse lidmaatskapsfooi jaarliks vooruit betaal.
   10.3.1 Enkel-eienaarskap bied die keuse om maandelikse lidmaatskapsfooi maandeliks of vooruit te betaal.
   10.3.2 Mede-eienaars/fraksionele eienaars moet hul maandelikse lidmaatskapsfooi jaarliks vooruit betaal, gebaseer op die lae maandelikse paaiement, waarvan die administratiewe koste redelik hoog is.
   10.4 Eskalasie van die jaarlikse lidmaatskapsfooi vir die eerste drie jaar is ag persent, daarna soos per die VPI van die land waarbinne die PRC funksioneer.
   10.5 **Geen besprekingsfooi** word gehef wanneer besprekings by lede se eiendomme/eenhede, eenhede op vaartskepe, seiljagte of huisbote gedoen word nie. Alle aanlynbesprekings via die i.Book-PRC webtuiste onder hierdie ooreenkoms, is gratis.
   10.6 **Geen besprekingsfooi** word gehef wanneer nie-lede as betalende kliënte bespreek by lede se inkomste-generende eiendomme/eenhede, eenhede op vaartskepe, seiljagte of huisbote nie.
   10.7 **Enige navrae** en **ondersteuning** word ondervang deur die naaste gelisensieerde land/staat/streek se gelisensieerde verteenwoordiger in die lid se plaaslike taal. Enige kommunikasie met i.Book-PRC moet aanlyn gedoen word met behulp van die vorms wat vertoon word op die webtuiste en/of via die lid se **veilige aanmeldafdeling** op die i.Book-PRC-webtuiste en/of enige direkte e-posskakel vir die naaste gelisensieerde land/staat/streek se gelisensieerde verteenwoordiger.
   10.8 Telefoniese ondersteuning kan ingestel word, maar slegs aan lede en/of intekenaars en soos per die besonderhede en instruksies wat aan die lede/intekenaars verskaf word.
   10.9 Boetes is betaalbaar vir elke **agterstallige betaling**.

Fooie is betaalbaar in die volgende geldeenhede vir die volgende lande waar die lid woon:

- Indien die lid in **Suid-Afrika** woon, is fooie betaalbaar in **ZAR**.

- Indien die lid in die **VK** woon, is fooie betaalbaar in **GBP.** Indien die lid in die **EURO-zone in Europa** woon**,** is fooie betaalbaar in **EUR.**
- Indien die lid in enige ander plek **in die wêreld** woon**,** is fooie betaalbaar **USD.**

11. **Bespreking van eiendomme/eenhede en hoe hulle geklassifiseer word:**

Klassifikasie van eiendomme/eenhede

Alle eenhede/eiendomme sal in kategorieë geklassifiseer word en addisioneel soos per die internasionale standaarde vir toerisme-stergradering en/of AA-akkreditasie. Ontspanningseiendomme bestuur deur ‘n derdeparty-bestuursmaatskappy wat nie ‘n stergradering en/of AA-akkreditasie het nie, sal geklassifiseer word deur i.Book-PRC. Dit sal gedoen word op grond van die vlak van diens wat hulle verskaf, addisionele eienskappe beskikbaar, hoe luuks die meubels en toerusting is, die geriewe beskikbaar by die eiendom/projek/oord en inagname van al die inligting ontvang soos versoek deur i.Book-PRC soos per die templaat met die detail wat versoek word vir die aanlyn instuur via die **veilige aanmeldafdeling** aan i.Book-PRC gedurende die registrasieproses.
i.Book-PRC beveel aan dat jy jou eiendom laat assesseer deur ‘n stergraderinggesag en/of AA-akkreditasie verkry om ‘n internasionaal-aanvaarbare standaard vir almal te verseker.

11.1 Eiendom/eenheid-kategorieë
11.2 Standaard van afwerking en dienste beskikbaar
- 11.2.1 Toerisme-stergradering
- 11.2.2 AA-akkreditasie
- 11.2.3 Of ‘n alternatiewe ekwivalent van 11.2.1 of 11.2.2 beskikbaar in die land/staat/streek
- 11.2.4 Derdeparty-gasvryheids-/eiendomsbestuursmaatskappy

Bespreek ‘n eiendom/eenheid met gebruik van jou PRC-punte

1.3 Wanneer jy ‘n eiendom/eenheid bespreek, sal jy jou PRC-punte gebruik wat afgetrek sal word ooreenkomstig die eiendom/eenheid wat jy bespreek.
1.4 PRC sal poog om jou ingelig te hou met betrekking tot die gebruik van en beskikbare balans van jou **PRC-punte** asook jou bespreekte en beskikbare dae in een kalenderjaar.
1.5 Ongebruikte **PRC-punte** kan oorgedra word na die volgende kalenderjaar om jou, die lid, in staat te stel om **PRC-punte** te spaar in een kalenderjaar vir toekomstige gebruik.
1.6 As die lid ‘n tekort aan beskikbare **PRC-punte** het om ‘n eenheid te bespreek gedurende ‘n kalenderjaar:
- 1.6.1 Kan die lid enige tekort van **PRC-punte** aanvul vir die gekose bespreking deur **PRC-punte** te leen by die volgende kalenderjaar se punte, op voorwaarde dat die lid instem om die tydperk van die lidmaatskapooreenkoms te verleng en die maandelikse lidmaatskap vooruit te betaal om vir hierdie beslissing voorsiening te maak.
- 1.6.2 Alternatiewelik kan die lid die tekort aanvul deur te betaal met sy/haar kredietkaart.

12. **Deelname van ‘n fraksionele eiendom of eiendom/eenheid wat in mede-besit is**

Dit is noodsaaklik vir alle mede-eienaars/fraksionele eienaars om aan te sluit as lede van i.Book-PRC. Derhalwe is jou gebruiksregrooster nie langer van toepassing nie en kan jy enige tyd, enige plek bespreek.
Indien nie alle mede-eienaars of fraksionele eienaars bereid is om aan te sluit as lede van i.Book-PRC nie, sal slegs die toegewysde gebruiksregrooster van die fraksionele of mede-eienaars wat aangesluit het as lede van i.Book-PRC beskikbaar wees vir alle ander lede van i.Book-PRC vir bespreking by die eiendomme wat fraksioneel of mede-besit word.
Dit sal indruis teen die doel van ons dienste om toegewysde weke regdeur ‘n kalenderjaar beskikbaar te hê.
Dit is daarom verpligtend dat alle mede-eienaars/fraksionele eienaars in ‘n eiendom/eenheid gelyktydig aansluit as lede van i.Book-PRC, aangesien hulle dan geen beperkings sal hê op besprekings enige tyd, enige plek nie. Dit is onderhewig aan i.Book-PRC se besprekingsreëls en -regulasies.

13. **Beskikbaarheid en/of blokkering van tydperk by ontspanningseiendomme, wat dien as die hoofinkomste vir die eienaar as lid**

Indien jou ontspanningseiendom jou hoof inkomste-genererende ontspanningseiendom is, mag jy sekere tydperke gedurende ‘n kalenderjaar blokkeer vir bespreking deur ander lede. Dit sal egter beteken dat jy ook uitgesluit sal word gedurende die tydperk wat jy jou ontspanningseiendom geblokkeer het vir bespreking, wat beteken dat jy nie in staat sal wees om plek te bespreek by enige ander ontspanningseiendom, vaartskip, seiljag of huisboot van ander lede enige plek in die wêreld gedurende die geblokkeerde tydperk nie.

14. **Verkoop van jou eenheid/eiendom**

Wanneer jy, as die lid, jou eenheid/eiendom verkoop, moet jy i.Book-PRC met oordrag van die eenheid/eiendom aan die koper in kennis stel. Die verkoper is dan nie meer langer lid van i.Book-PRC nie en die koper van die eiendom/eenheid word outomaties’n lid van i.Book-PRC en verkry die balans van die ongebruikte **PRC-punte** en/of oorblywende beskikbare dae in die huidige kalenderjaar.
Die lid wat sy/haar eenheid/eiendom verkoop, onderneem hiermee om alle uitstaande fooie verskuldig aan i.Book-PRC via die oordragprokureurs te vereffen.

15. **Algemeen**

15.1 Wanneer jy ‘n lid van i.Book-PRC word, het jy onmiddellike toegang tot alle eiendomme en/of eenhede op vaartskepe, seiljagte en/of huisbote van alle ander lede by i.Book-PRC, onderhewig aan i.Book-PRC se besprekingsreëls en -regulasies.

15.2 Alle besprekings moet via i.Book-PRC se sentrale internet-gebaseerde aanlyn besprekingstelsel gedoen word, wat toeganklik is vir lede via i.Book-PRC se **veilige aanmeldafdeling** op die webtuiste. ‘n Bevestiging van bespreking sal deur i.Book-PRC uitgereik word.

15.3 Om dekking te voorsien vir breekskade en/of skade aan items en/of eiendom wanneer ‘n lid bly by ‘n ontspanningseiendom of eenheid op ‘n vaartskip of seiljag, sal die beslissing van die eienaar/bestuurder en/of die derdeparty-bestuursmaatskappy en/of beheerliggaam en/of huiseienaarsvereniging van die eiendom/eenheid waar die lid bespreek het, van toepassing wees.

15.4 Indien lidmaatskap en/of addisionele diensfooibetalings soos gelys in items 10 en 11 in hierdie dokument en/of enige addisionele dienste wat later bekend gestel word, nie ten volle op datum betaal is nie, sal geen bespreking gemaak of aanvaar kan word by enige ontspanningseiendom: eenheid op ‘n vaartskip, seiljag of huisboot nie.

15.5 Vir die eenheid/eiendom om aanvaar te word deur i.Book-PRC, moet die vereiste gedetailleerde inligting oor die eenheid deur die eienaar en/of derdeparty-bestuursmaatskappy aan i.Book-PRC verskaf word soos per instruksies verskaf deur i.Book-PRC. Die eenheid moet ook voldoen aan minimum standaarde in sy graderingskategorie soos bepaal deur die toerisme-stergraderingsraad of die relevante gesagsliggame in die relevante lande en/of AA-akkreditasie en/of i.Book-PRC.

15.6 **‘n Graderingstelsel** sal ingestel word vir alle eenhede/eiendomme ter wille van duidelikheid vir alle lede wanneer ontspanningseiendomme of eenhede op vaartskepe, seiljagte of huisbote gekies word vir die bespreking van ‘n vakansie, sakereis of ontspanningstyd. Dit sal oorweging skenk aan en insluit die internasionaal-aanvaarde toerisme-stergradingstelsel vir die gasvryheidsbedryf en/of AA-akkreditasie. i.Book-PRC beveel aan dat jy jou eiendom laat asssesseer deur ‘n stergraderingsgesag en/of AA-akkreditasie bekom om ‘n internasionaal-aanvaarde standaard vir alle lede te verseker.

15.7 Ontspanningseiendomme bestuur deur ‘n derdeparty-bestuursmaatskappy en wat nog nie amptelike ster-akkreditasie het nie, sal aanvanklik ‘n gradering deur i.Book-PRC toegeken word gebaseer op die vereiste gedetailleerde inligting ontvang via die **veilige aanmeldafdeling** op die i.Book-PRC-webtuiste. Voorts sal i.Book-PRC terugvoering kry van ander lede wat by hierdie eiendomme gebly het en die terugvoer sal geëvalueer word en aan die lid gekommunikeer word as ‘n aanpassing in gradering vir die lid se eiendom oorweeg word deur i.Book-PRC, voordat dit gedoen word.

15.8 **Om te verseker dat die eenheid/eiendom voldoen aan die standaard van klassifikasie/gradering waarin dit geklassifiseer is**, met inklusiewe dienste aan die **eenheid/eiendom,** is **i.Book-PRC** geregtig daarop en sal vereis dat die lid terugvoer moet verskaf oor die gebruik van ander lede se eenhede, sodat onlangse inligting oor die eenhede/eiendomme tot voordeel van alle lede is.

15.9 **Toegangsbeheer, instandhouding en administrasie van die lid se ontspanningseiendom, bestuur deur ‘n derdeparty-bestuursmaatskappy,** bly by die gekontrakteerde derdeparty-bestuursmaatskappy soos volgens jou ooreenkoms met die bestuursmaatskappy. Die derdeparty-bestuursmaatskappy moet hou by die i.Book-PRC besprekingsreëls en -regulasies in die naam van die lede wat aansluit.

15.10 **Alle ontspanningseiendomme** en/of eenhede op vaartskepe, seiljagte of huisbote van lede van i.Book-PRC **sal gelys word en kan besigtig word op die i.Book-PRC-webtuiste**, en sal omvattende inligting oor die eiendomme en eenhede op vaartskepe, seiljagte of huisbote vertoon asook die geriewe op en om die eiendom/projek/oord vertoon, om lede in staat te stel om ‘n toepaslike eiendom of vaartskip, seiljag of huisboot te kies vir die bespreking van hul vakansie, sakereis of ontspanningstyd.

15.11 Lede kan ook hul eenheid/eiendom te koop aanbied via die **i.Book-PRC**-webtuiste.

15.12 Die besprekingsreëls en –regulasies is aangeheg by die i.Book-PRC-lidmaatskapooreenkoms en word genoem **Skedule 1.**

15.13 i.Book-PRC behou die reg voor om verder amendemente en uitbreidings aan die besprekings- en uitruilreë ls en –regulasies aan te bring vir hul lede waar vereis en sal lede via die webtuiste, e-pos en/of SMS inlig wanneer sulke veranderinge genoodsaak word.

15.14 In die ontwikkeling van sodanige reëls, sal i.Book-PRC poog om reëls van algemene toepassing vir alle eenhede en lede te ontwikkel ten einde regverdige en effektiewe besprekings en gebruik van die eenhede wat deel vorm van die i.Book-PRC Private Residence Club te ontwikkel, asook die fasilitering van ordelike en behoorlike gedrag van lede (en hul genooides) in die gebruik van die eenhede.

15.15 Die duur van lidmaatskap word bepaal deur die i.Book-PRC lidmaatskapsooreenkoms.

15.16 Alle pryse vir fooie en/of addisionele dienste soos aangedui, sluit BTW uit.

15.17 i.Book-PRC behou die reg voor om die gelyste pryse, wanneer toepaslik, te hersien deur die opdatering hiervan op die webtuiste, e-pos en/of SMS.

15.18 Tydens registrasie as lid van i.Book-PRC sal die fooie wat op daardie dag op die webtuiste gelys is op die lid van toepassing wees.

Die i.Book-PRC Private Residence Club-lidmaatskapsooreenkoms en die gedetailleerde eiendomsinvoervorm sal via die lid se veilige aanmeldafdeling op die webtuiste beskikbaar wees.